# Hoofstuk van die dag: 1 Johannes 1

*As ons sê dat ons nie sonde het nie, mislei ons onsself, en is die waarheid nie in ons nie. (1 Joh 1:8 AFR2020)*

Ons is sondaars. Hier staan dit in soveel woorde: “As ons sê dat ons nie sonde het nie, mislei ons onsself, en is die waarheid nie in ons nie […] As ons sê dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie” (vers 8 en 10). Dis nou nie juis ’n gewilde ding om te sê in die moderne wêreld nie. ’n Lidmaat het my by geleentheid verwyt omdat ek haar telkens in die erediens daaraan herinner dat sy ’n sondaar is. Sy sê sy wil dit nie hoor nie. Sy wil hoor sy is wonderlik.

Nee, ons moet dit maar weer hoor: ons is sondaars. Ons is nie wonderlik nie. Gód is wonderlik. Hy is die Een wat ons liefhet. Hy is die Een wat ons vergewe. Hy is die Een wat kom sterwe het omdat ons sondaars is. Sý bloed reinig ons van alle kwaad (vers 9).

Bely jy dit oor jouself: Ek is ’n sondaar. Ek is skuldig. Mý sonde het Christus sy lewe gekos. En … ontvang dan Christus se reiniging en vergifnis.

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026